17 JUNIE **SKRIFGEDEELTE: 2 SAMUEL 24**
FOKUSGEDEELTE: 2 SAMUEL 24:16

Misreken met die Here se genade ... of nie?

Hoeveel bid ons as ‘n nagedagte om vergifnis of bely ons skuld gedagteloos in sang? Ons vergeet: God bejeën ons sonde met dodelike erns**.**

Dawid het die volk laat tel. Daarna het hy tog bedenkinge gekry, hom voor die Here verootmoedig en om vergifnis gevra. Soos vroeër (2 Sam. 11) kondig die profeet aan dat die Here hom gaan straf. Hierdie keer kan hy sy straf kies. Hy kies om in die Here se hand te val, “want sy genade is groot” (vs.14). Sy keuse dien God se doel (vs. 1). Die engel van die Here rig inderdaad verderf aan. In 'n oogwink verminder God deur die pes die getal weerbare manne waarop hy wou reken. Dawid skrik vir die felheid van God se toorn en oordeel. Het hy hom met God misreken? Is God dan nie genadig nie?

Toe Dawid skrik, het God reeds vir die engel gesê (vs. 16): “Dis nou genoeg. Trek jou hand terug.” Hy roep by die dorsvloer van Arauna halt in die proses van sy oordeel. Hy stel *sy* oordeel eers uit. So bewys die regverdige God ook sy genade. Hy bevestig dit wanneer Hy sy volk se gebede verhoor en die plaag wegneem.

Ten einde ons, sondaars, te verlos, het God sy oordeel nie net uitgestel nie. Hy het sy oordeel by dieselfde Jerusalem voltrek. Buite die stad is sy Seun met die skuldbrief vir ons sonde aan die kruis vasgespyker. Jesus offer Homself vir ons.

Sang: Psalm 59:10 (1936-beryming, bl. 291) *Ds Johan Jordaan (Kimberley)*